CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



*Januarie 2002 No 13*

# Canola kultivarevaluasie :Wes-Kaap 2001

**D J Hanekom, P Lombard en H de Wet**

Die afgelope 2001 seisoen is gekenmerk deur ‘n besonders goeie reënval in die Swartland terwyl groot dele van die Suid-Kaap gebuk gegaan het onder knellende droogte toestande vir ‘n groot gedeelte van die seisoen. Die vinnige opbou van insekpopulasies as gevolg van die buiten normale hoë temperature aan die begin van die seisoen asook die feit dat plante onder stres verkeer het as gevolg van vogtekorte het dikwels gelei dat aansienlike skade deur veral sandmyte en plantluise aan aanplantings aangerig is. Dit tesame met die swak opkoms wat wyd ervaar is, het verskeie produsente laat besluit om maar eerder hul vee in te jaag. Die buitengewoon hoë reënvalsyfers van Julie en Augustus het plek-plek versuiping in die Swartland veroorsaak asook die effektiwiteit van veral stikstofbemesting verlaag.

Die oppervlaktes (ha) wat die afgelope seisoen onder canola verbou het as volg daaruit gesien:

| | | | |
|---|---|---|---|
| BNK | 5600 | CRK | 5000 |
| SSK | 7000 | TRA | 1000 |
| MKB | 2000 | PLK | 1000 |
| WPK | 2000 | | |

Opbrengste (kg/ha) soos deur die verskeie lanboubesighede gerapporteer is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| BNK | 800 tot 1400 | CRK | 400 tot 1800 |
| SSK | 400 tot 1800 | MKB | 1500 |
| PLK | 1100 tot 1200 | WPK | 1100 tot 1600 |


Die Hoofdirektoraat:Landbou het gedurende die 2001 seisoen ‘n reeks kultivar proewe in die Suid- en Wes-Kaap streke uitgevoer. Ses lokaliteite wat strek van George tot Caledon is in die Suid-Kaap streek uitgevoer terwyl daar ook ses lokaliteite in die Wes-Kaap van Philadelphia tot Eendekuil aangeplant is.

Verskeie redes, waaronder droogte, eksperimentele fout en sulfonielureum oordrag in gronde het gelei daartoe dat verskeie proewe laat vaar is en dat proewe by slegs twee lokalitete in die Suid- en Wes-Kaap onderkeidelik voltooi is.

**Suid-Kaap**

*Caledon(Serjaensrivier)*


| | | |
|---|---|---|
| Bewerking | : | Vlak tand |
| Plantdatum | : | 4 Mei 2001 |
| Grondvogstatus | : | Goed |
| Saadbed | : | Netjies en gelyk, maar effe klipperig |
| Saaidigtheid | : | Volgens DKM mikpunt = 70 plante/m² |
| Bemesting | : | N - 40kg/ha met saai |
| | | 30kg/ha op ± 40 dae na vestiging |
| | | 25 kg/ha aanvang van blom |
| | | P - 15 kg/ha |
| | | Na-molibdaat 150g/ha (27/06) |
| | | Solubor 500g/ha (26/07) |
| Onkruidbeheer | : | Butisan S 1.2 L/ha (08/05) |
| | | Simex 600ml/ha slegs op bestande kultivars met saai |
| | | Focus Ultra 1L/ha (26/07) |
| Insekbeheer | : | Dimet 750ml/ha (01/06) |
| | | Thioflo(endosulfan) 2ml/L (28/08) |
| Opmerkings | : | KV% = XX KBV = XX |




Opbrengste by die Caledon proef is benadeel deur suboptimale vogtoestande aan die begin van die groeiseisoen Goeie reënval het egter na die einde van die seisoen voorgekom, maar die verlies aan potensiaal is duidelik te sien in die lae opbrengste wat behaal is, asook die feit dat daar weinig verskil in opbrengs tussen die kultivars is. Die opbrengste het gewissel van 1.21 ton/ha (Oscar) tot so laag as 0.37 ton/ha (Hylite 200 TT) met 'n proefgemiddelde van 1.1 ton/ha.

*George(Outeniqua)*


| | | |
|---|---|---|
| Bewerking | : | Vlak tand |
| Plantdatum | : | 17 Mei |
| Grondvogstatus | : | Ondergrond goed, bogrond effe minder. |
| Saadbed | : | Baie netjies en gelyk. |
| Saaidigtheid | : | Volgens DKM mikpunt = 70 plante/m² |
| Bemesting | : | N - 40kg/ha met saai |
| | | 30kg/ha op ± 40 dae na vestiging |
| | | P - 20 kg/ha |
| Onkruidbeheer | : | Butisan S 1.2 L/ha (17/05) |
| | | Simex 600ml/ha slegs op bestande kultivars met saai |
| Insekbeheer | : | Geen |
| Opmerkings | : | KV% = XX KBV = XX |




'n Proefgemiddelde van 1.78 ton/ha is by die George proef aangeteken. Die kultivar Hyola 60 het die beste opbrengs gelewer met 2.25 ton/ha gevolg deur ATR Hyden, Varola 50 en Emblem wat almal meer as 2 ton/ha geproduseer het. Die res van die opbrengste het gewissel van 1.99 ton/ha (Varola 44) tot 1.01 ton/ha (Hylite 200 TT).

*Bredasdorp Demonstrasieproef (BNK proefperseel)*


| | | |
|---|---|---|
| Bewerking | : | Vlak tand |
| Plantdatum | : | 31 Mei 2001 |
| Grondvogstatus | : | Redelik |
| Saadbed | : | Netjies en gelyk |
| Saaidigtheid | : | Volgens DKM   mikpunt = 70 plante/m² |
| Bemesting | : | N -   40kg/ha met saai |
| | | 30kg/ha op ± 40 dae na vestiging |
| | | P -   15 kg/ha |
| | | Na-molibdaat 150g/ha   (24/07) |
| | | Solubor 500g/ha   (03/09) |
| Onkruidbeheer | : | Butisan S  1.2 L/ha   (31/05) |
| | | Simex 600ml/ha slegs op bestande kultivars met saai |
| | | Focus Ultra 1L/ha   (24/07) |
| Insekbeheer | : | Dimet 750ml/ha   (10/07) |
| | | Thioflo(endosulfan) 2ml/L   (03/09) |



**Wes-Kaap**

*Malmesbury(Grasrug)*


| | | |
|---|---|---|
| Bewerking | : | Vlak tand |
| Plantdatum | : | 17 Mei |
| Grondvogstatus | : | Goed |
| Saadbed | : | Baie goed |
| Saaidigtheid | : | Volgens DKM mikpunt = 70 plante/m² |
| Bemesting | : | N - 40 kg/ha met saai |
| | | 30 kg/ha op ± 40 dae na vestiging |
| | | 30 kg/ha aanvang van blom |
| Onkruidbeheer | : | Butisan S 1.2 L/ha (17/05) |
| | | Simex 600ml/ha slegs op bestande kultivars met saai |
| | | Focus Ultra 1L/ha (25/07) |
| Insekbeheer | : | Geen |
| Opmerkings | : | KV% = XX KBV = XX |




Opbrengste by die Malmesbury proef het gewissel van effe meer as ‘n half ton (Hylite 200 TT) tot sowat 1.8 ton/ha ( Varola 50 en Hyola 60). Die gemiddelde opbrengs van die proef het gelê by sowat 1.6 ton/ha. Al die kultivars met die uitsondering van die Hylite 200TT kultivar het 1.2 ton en meer gelewer. Geen duidelike verband tussen opbrengs en groeiseisoenlengte van kultivars was te bepeur nie. Alhoewel daar redelik skade deur wilde makoue op ‘n vroeë stadium aan van die kultivars aangerig is, kon geen effek daarvan op opbrengs waargeneem word nie. Die hoeveelheid skade per perseel is aangeteken en het in sommige gevale hoër opbrengste gelewer as persele van die selfde kultivar wat nie beskadig is nie.

*Moorreesburg(Langgewens)*


| | | |
|---|---|---|
| Bewerking | : | Vlak tand |
| Plantdatum | : | 8 Mei |
| Grondvogstatus | : | Goed |
| Saadbed | : | Baie goed |
| Saaidigtheid | : | Volgens DKM mikpunt = 70 plante/m² |
| Bemesting | : | N - 48 kg/ha met saai |
| | | 32 kg/ha op ± 40 dae na vestiging |
| | | P - 15 kg/ha |
| Onkruidbeheer | : | Butisan S 1.2 L/ha (08/05) |
| | | Simex 600ml/ha slegs op bestande kultivars met saai |
| Insekbeheer | : | Dimet 750ml/ha (01/06) |
| | | Dadevap 300ml/ha (12/08 en 17/08) |
| Opmerkings | : | KV% = XX KBV = XX |




By die Langgewens proef in die Moorresburg area het die kultivars Hyola 60 en Varola 44 die beste opbrengste gelewer van onderskeidelik 2.24 en 2.22 ton /ha. Van die kultivars naamlik Bugle, Karoo en Hylite 200 TT het die uiters swak opbrengste gelewer. Die res van die kultivars se opbrengste het gewissel van 1.23 ton/ha (Grousse) tot 1.95 ton/ha (Varola 48 CL). Die gemiddelde opbrengs van alle kultivars was 1.54 ton/ha. Die triasien bestande kultivar, ATR Hyden het 'n uitstekende opbrengs gelewer veral in die lig van die feit dat hierdie groep van kultivars tradisioneel laer opbrengste gelewer het. 'n Triasien kultivar met vergelykbare opbrengspotensiaal is natuurlik 'n groot voordeel in gebiede waar canolaverbouing probleme ondervind as gevolg van swaar onkruid infestasies. Die selfde redenasie is ook op die kultivar Varola 48 CL van toepassing aangesien die imidasolinoon groep onkruiddoders weer hier gebruik kan word. Die gebruik van "ander" chemie is natuurlik een van die weinige teenmaatreëls teen die opbou van weerstand van grasonkruide teen onkruiddoders.

*SKOG Vroeësaaidatum Demonstrasieproef (Langgewens)*

| | | |
|---|---|---|
| Bewerking | : | Vlak tand |
| Plantdatum | : | 11 April |
| Grondvogstatus | : | Goed |
| Saadbed | : | Netjies en gelyk |
| Saaidigtheid | : | Volgens DKM mikpunt = 70 plante/m² |
| Bemesting | : | N - 40kg/ha met saai |
| | | 50kg/ha op ± 40 dae na vestiging |
| | | 50 kg/ha voor aanvang van blom |
| | | P - 15 kg/ha |
| Onkruidbeheer | : | Butisan S 1.2 L/ha (31/05) |
| Insekbeheer | : | Geen |





**Navrae:** Hoofdirektoraat Landbou:WK, Privaatsak X1 Elsenburg 7607 ,Tel 8085111.

**Redaksie:** HJC Agenbag DJ Hanekom Dr N Kotze



***Geborg deur die Proteïennavorsingstrust***